**Sentrum vir Tekstegnologie.** *Afrikaanse Speltoetser 2.1 en Woordafbreker vir Microsoft Office®*. 2004. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

*Afrikaanse Speltoetser 2.1 en Woordafbreker* vir Afrikaans is tans die nuutste in sy soort op die mark en kom van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Dit is 'n uitbreiding en verbetering op die vorige weergawe 2.0 en doen die beloftes wat op die omslag van die CD gemaak word, meestal gestand.

Dit is 'n vinniger en omvattender produk as die vorige weergawe. Dit installeer baie maklik, waarby gevoeg moet word dat die gebruikershandleiding baie deeglik en verstaanbaar opgestel is, en dit dus vir enige rekenaargebruiker maklik behoort te wees om dié speltoetser te installeer én te gebruik. Die woordafbreker werk op dieselfde wyse as dié van ander tale en is goed geïntegreer met Microsoft Office.

Die speltoetser vergelyk goed met die verstekspeltoetsers van Microsoft Office, en gebruikers wat bekend is met byvoorbeeld die Engelse speltoetser van Microsoft Office sal *Afrikaanse Speltoetser 2.1* maklik vind om te gebruik. Die gebruiker sal intuïtief sy pad vind. Een so 'n voorbeeld is die lys van alternatiewe wat vir die verkeerd gespelde woord (in rooi onderstreep) gegee word. Daarmee saam is daar ook die opsie om die onbekende woord by die verstekwoordeboek te voeg deur op "Add to dictionary" te klik. Dit is 'n baie nuttige funksie vir gebruikers wat gereeld met vaktaalterme, samestellings en ander minder bekende leksikale items te make het.

Nog 'n funksie wat inderdaad waarde toevoeg tot die speltoetser, is die regsklikfunksie. Dit bied vinnige toegang tot alternatiewe vir die woord wat verkeerd gespel is, en die gebruiker kan deur regs te klik, hierdie alternatiewe gebruik, ignoreer of tot die verstekwoordeboek toevoeg. Die outomatiese regstellingfunksie (Auto correct) word ook hier as 'n opsie aangebied, wat die gebruiker help om woorde wat dikwels of uit gewoonte verkeerd gespel word, onmiddellik outomaties te korrigeer. Onder die regsklikfunksie is daar ook 'n opsie om die woord wat as foutief gespel aangedui word, verderaan te ignoreer of , indien die woord 'n leenwoord is, die taal te kies waarin dit voorkom, sodat dit nie langer as 'n fout aangedui word nie.

Volgens die omslag van die CD-ROM, herken hierdie *Speltoetser* 'n "groot aantal nuwe samestellings en verbuigings van woorde". Dit is egter nie duidelik op grond waarvan sekere samestellings herken of nie herken word nie. *Springbokhaker* word byvoorbeeld herken, maar nie *Springboksenter* nie. *Topgehalterugby* word ook nie herken nie, maar wel *hoëgehaltestaal, topklasrugby* en *topgehalteproduk*. Die opstellers sal miskien weer moet aandag gee aan die herkenning van komposisionaliteit al dan nie, en vir die gebruiker leiding gee in hierdie verband. Intussen is die "Add"-funksie wel baie nuttig, waar bestaande woorde wat nie deur die speltoetser herken word nie, tot die verstekwoordeboek toegevoeg kan word.

'n Ander probleem wat ook na vore tree, is die aanduiding van die verdubbeling van die persoonlike voornaamwoord as 'n fout. In 'n sin soos *As 'n mens na die syfers kyk, is dit onduidelik hoekom* ***hulle hulle*** *nie tot die bank gewend het nie,* is dit onduidelik waarom *hulle* in die tweede posisie as 'n fout aangegee word. Daar word ook nie 'n alternatief vir die oënskynlike fout aangebied nie. Dieselfde gebeur ook met *julle julle*.

*Afrikaanse Speltoetser 2.1* is inderdaad 'n welkome verskyning op die rak van Afrikaanse speltoetsers en 'n groot aanwins vir vertalers, taalpraktisyns en ander persone wat in Afrikaans skryf. Indien die genoemde probleme in die volgende weergawe uitgestryk kan word, behoort hierdie produk met waardigheid sy plek langs ander internasionale speltoetsers in te neem — veral wat betref Microsoft Office se verstekspeltoetsers vir ander tale.

Gerda de Wet
*Stellenbosch*
*(dewets@ananzi.co.za)*